# FIELA SE KIND – DIE DRAMA

## Werkboek

**S. Roux**

**L. Roux**

VoorsprongBoeke

VOORSPRONG BOEKE

**ISBN: 9780639950273**

# *Fiela se kind* – die drama – Dalene Matthee

## INHOUDSOPGAWE


Die titel ........ 3
Milieu/Ruimte ........ 3
Die verloop van die drama ........ 5
Literêre begrippe by die bestudering van die drama ........ 7
Karakters ........ 12
**Eerste bedryf:** Toneel 1 ........ 15
**Eerste bedryf:** Toneel 2 ........ 18
**Eerste bedryf:** Toneel 3 ........ 25
**Eerste bedryf:** Toneel 4 ........ 26
**Tweede bedryf:** Toneel 1 ........ 27
**Tweede bedryf:** Toneel 2 ........ 32
**Tweede bedryf:** Toneel 3 ........ 36
**Tweede bedryf:** Toneel 4 ........ 37
**Tweede bedryf:** Toneel 5 ........ 38
**Tweede bedryf:** Toneel 6 ........ 40
**Tweede bedryf:** Toneel 7 ........ 42
**Derde bedryf:** Toneel 1 ........ 45
**Derde bedryf:** Toneel 2 ........ 48
**Derde bedryf:** Toneel 3 ........ 53
**Derde bedryf:** Toneel 4 ........ 58
**Derde bedryf:** Toneel 5 ........ 59
**Derde bedryf:** Toneel 6 ........ 61
**Derde bedryf:** Toneel 7 ........ 63
**Derde bedryf:** Toneel 8 ........ 65
Simboliek in "Fiela se kind" ........ 65
Buitestanderskap in "Fiela se kind" ........ 67
Die tema van "Fiela se kind" ........ 68
Bibliografie ........ 68


Voorspronboeke

## DIE TITEL

Die titel "Fiela se kind" dui daarop dat beide Fiela en Benjamin belangrike karakters is. Sowel Fiela as Benjamin voer 'n stryd in hierdie drama. Fiela baklei om haar kind (Benjamin) terug te kry. Benjamin voer weer sy eie stryd om uit te vind wie hy regtig is – Benjamin Komoetie of Lukas van Rooyen? Die feit dat sy naam nie genoem word in die titel nie versterk ook die tema van identiteitskrisis.

## MILIEU/RUIMTE

Hierdie drama speel af in drie ruimtes, naamlik die Lange Kloof (waar die Komoeties bly), Kom-se-Bos (die Van Rooyens se blyplek) en Knysna.

Sien die kaart op die volgende bladsy.

VoorsprongBoeke

## 4. TONEELAANWYSINGS

Toneelaanwysings (gewoonlik in skuinsdruk tussen hakies) is belangrike inligting en leiding wat die dramaturg oor die agtergrond, ruimte, dekor, tydsverloop en karakters aan die regisseur, die spelers en stelontwerpers gee. Dit kan ook die karakters se emosies en uiterlike voorkoms aandui.

## 5. DIALOOG

Die dialoog is alles wat die karakters sê. Deur die dialoog word die verhaal vertel, die leser leer die karakters ken (hul karaktereienskappe en gevoelens) en die tema word duidelik.

## 6. HANDELING

Die handeling is alles wat in die drama gebeur. Daar is twee soorte handeling:

- **Uiterlike handeling:** Dit is die dinge wat die karakters op die verhoog doen en die leser kan daarvan lees (bv. die karakter se bewegings, lyftaal, gebare en gesigsuitdrukkings).
- **Innerlike handeling:** Dit is die gevoelens en gedagtes van die karakters. In hierdie drama word die karakters se gedagtes telkens deur middel van die toneelaanwysing "***(op band)***" aangedui.

## 7. TEMA

Die tema is die sentrale idee of hoofgedagte in die drama; dit gee aan die drama lewe. Die tema word altyd deurgetrek na al die ander fasette van die drama – die dialoog, die karakters, die stel, ens. 'n Mens kan sê dit is die goue draad wat al die tonele saambind en sin daaraan as 'n geheel gee.

Dit is dikwels 'n lewenswaarheid wat universeel is. Daar mag soms meer as een tema in 'n drama wees. Die tema van die drama is soos die saad en alles in die drama groei daaruit.

## 8. INTRIGE

Die intrige is die verloop van die verhaal. Binne-in die intrige kan ook verskeie **subintriges** plaasvind, bv. Benjamin se verhouding met Nina.

Voorsprongboeke

**AAN DIE LEERLINGE:**

Julle moet die storie só goed ken dat julle presies weet:

Wat **voor** die teks gebeur het. Wat het gebeur dat Lukas so ontsteld is?

| | |
|---|---|
| LUKAS (*op band*): | Die een met die blou hempie aan. Een man se wil. Een man se mag. Ek kan hom met my kaal hande vermoor. Die een met die blou hempie aan. Een simpele sin. Een simpele sin wat Fiela Komoetie soos 'n mal ding oor die berg laat loop het en Selling die pad hoe lank laat dophou het. Ek is niemand. (bl. 114) |

Wat **in die** uittreksel gebeur. Wie is aan die woord? Hoekom is Lukas so kwaad dat hy "hom" met sy kaal hande kan vermoor? Wie is die "hom"?

Wat **hierna** gebeur, bv. Lukas besluit dat hy wel Benjamin Komoetie is en teruggaan na die Lange Kloof (sy mense) toe.

VoorspringBoeke

# EERSTE BEDRYF

## EERSTE BEDRYF:  TONEEL 1 (bl. 42-46)

**OPSOMMING**

In hierdie toneel ontmoet ons vir Elias van Rooyen en sy gesin: Barta (sy vrou) en sy vier kinders: Willem, Kristoffel, Lukas en Nina. Die leser ontmoet ook lede van sy gemeenskap (die Bosgemeenskap): Malie, tant Gertjie, Sofie, Anna, Martiens, Dawid en Krisjan s\Smal. Die leser kry ook meer inligting oor die milieu (naamlik die Bos).

Die Van Rooyens is besig met hulle daaglikse take wanneer hulle besef dat Lukas, die jongste seun, weg is. Deur slim verbuigings van realistiese tyd word die daaropvolgende agt dae se soeke na Lukas uitgebeeld. Elias blyk optimisties te wees en hy kan nie glo dat sy seun weg is tot die polisie die soektog kanselleer nie. Hy en Barta is albei emosioneel verwoes.

In hierdie toneel leer die leser ook meer oor die Van Rooyens se lewensomstandig-hede (armoedig), want Elias wil sinkplate in die hande te kry om hul huis mee reg te maak.

Elias is baie lui, soos ons agterkom uit die feit dat hy maak of hy werk wanneer Barta met die koffie inkom. Ons sien ook wat Elias se lewensbeskouing is: hy het kinders gekry sodat hulle kan help geld verdien. Hy oorweeg ook onwettige bedrywe om maklik geld te maak (olifante skiet om hul ivoor te verkoop).

1. **Hierdie toneel is deel van die eksposisiefase van die drama.**
   Wat is die funksie van die eksposisie?

   ________________________________________

   ________________________________________

   ________________________________________

Voorskou

2. **In Elias se eerste spreekbeurt (sy gedagtes) sien die leser wat Elias se lewensbeskouing (lewensfilosofie) is**.
Watter TWEE AFLEIDINGS kan jy uit Elias se lewensbeskouing maak? Motiveer jou afleidings.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

3. **"*Wanneer hy* BARTA *met die koffie hoor kom, gryp hy vinnig die handbyl en kyk aandagtig na die steel*." (bl. 42)**
**Hierdie handeling van Elias bevestig die vermoede dat hy lui is.**
VERDUIDELIK die stelling.

______________________________________________

______________________________________________

4. Wat makeer die kinders as Elias dink dat hulle aan die "snuif en hoes" (bl. 42) ly? Waardeur word dit veroorsaak?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

5. Noem TWEE dinge waaruit die leser reeds op bl. 42 kan aflei dat die Van Rooyens baie arm is.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Voorspronboeke

## EERSTE BEDRYF: TONEEL 3 (bl. 57-59)

**OPSOMMING**
Die derde toneel speel weer af by die Van Rooyens se huis. Ons leer dat Elias probeer het om 'n strik vir die olifante te stel (hy het 'n boom só gekap dat die olifante by die afgrond sal afval as hulle teen die boom druk). Die olifante het hom gejaag en amper doodgetrap. Die Boswagter bring vir hulle die nuus dat Lukas moontlik gevind is.

1. Wat word bedoel met "grootvoete"?

______________________________________________

2. Dink jy Elias het sy verdiende loon gekry toe die olifante hom gejaag het? Motiveer jou antwoord.

______________________________________________

______________________________________________

3. Barta is baie ontsteld oor die kombers wat Elias moes agterlaat.

   3.1 Wat sê dit van Barta se karakter?

   ______________________________________________

   3.2 Wat sê dit van die Van Rooyens se sosiale stand?

   ______________________________________________

4. **Op bl. 58 sê Nina dat hulle nie so moet raas nie, want hulle sal die uil op die afdak wegjaag.**
   Waarom sê Barta dat sy die uil moet wegjaag?

______________________________________________

______________________________________________

VoorSprongBoeke

## TWEEDE BEDRYF: TONEEL 3 (bl. 77-80)

**OPSOMMING**

Fiela gaan Knysna toe om uit te vind wat van Benjamin geword het. Die konstabel kom vertel vir haar dat die Bosvrou (Barta) vir Benjamin as Lukas uitgeken het en hy is saam met die Van Rooyens terug Bos toe. Fiela weier om dit te glo en dring daarop aan om met die magistraat te praat. Die konstabel weier egter en sê dat die magistraat besig is.

4. Watter klag wil Fiela by die magistraat lê?

_______________________________________________

_______________________________________________

5. Watter VERSKIL is daar tussen Fiela en die skoonmaker se wêreldsienings?

_______________________________________________

_______________________________________________

6. **"Dit lyk my hy (die wêreld) gaan vandag verkeerdekant draai." (bl. 79)** Waarom kan hierdie woorde van die skoonmaker as profeties beskou word?

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

7. Hoekom het die magistraat geglo dat Benjamin die verlore Lukas is?

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

VoorSprongBoeke

## DERDE BEDRYF: TONEEL 6 (bl. 112-114)

**OPSOMMING**
Die klimaks kom in hierdie toneel voor.
Lukas gaan weer Bos toe om te probeer uitvind of Elias die waarheid oor sy identiteit weet. Elias is steeds besig om planne te beraam om geld te maak. Barta se gewete pla haar uiteindelik te veel; sy vertel hulle hoe sy vir die magistraat en vir Lukas gelieg het. Sy erken dat sy die verkeerde kind gevat het en dat die regte Lukas doodgegaan het in die Bos. Lukas loop uit, nog meer onseker as ooit oor sy herkoms.

1. Hoe tree Elias op toe hy vir Lukas sien?

________________________________________________

________________________________________________

2. Hoe VERSKIL Elias se reaksie van Selling s'n in toneel 3?

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

3. **Lukas het nie baie simpatie met sy pa se "beserings" nie.**
Motiveer hierdie stelling VOLLEDIG.

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

4. Watter planne is Elias nou besig om te beraam sodat hy op 'n maklike manier geld kan maak?
Noem DRIE planne.

________________________________________________

________________________________________________

Voorskou: SprongBoeke

5. Hoe weet ons Barta sukkel konstant met haar gewete?

______________________________________________

6. Watter bekentenis van Barta lui die KLIMAKS in?

______________________________________________

______________________________________________

7. Skryf Barta se tweede en derde bekentenisse neer.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

8. Waarom skok Barta se vierde bekentenis die leser?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

9. Waar op bladsy 114 begin die ONTKNOPING/AFLOOP van die drama?

______________________________________________

______________________________________________

10. Hoe voel Lukas oor die konstabel (die lange met die bril) se aandeel in sy lewe?

______________________________________________

______________________________________________

VoorsprongBoeke

## BRONNELYS

Matthee, Dalene. *Fiela se kind (Die drama)*, Skooluitgawe Gr. 12 EAT. Vir die verhoog verwerk deur Van Wijk, Suzanne. Tafelberg, 2015.

Matthee, Dalene. *Fiela se kind*. Tafelberg, 1985.

maps.google.com

VoorsprongBoeke